

## 2. Jakob, sy vlug en verblyf by Laban

Genesis 27: 41 - 33: 17

### God bewaar die wat Hy uitverkies het

God se genade is oneindig groot. Al sondig sy uitverkore kinders, Hy bewaar hulle steeds. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Sonde breek menseverhoudings.
- God sorg vir die mens, al sondig hy.
- God vorm sy kinders om nader aan Hom te leef .

### Jakob vlug na Laban

Jakob ontvang op 'n oneerlike wyse sy pa se seën. Dit is sonde in die oë van die Here en die gevolge van sy sonde word gou sigbaar. Esau besluit om wraak te neem. Hy wil Jakob doodmaak sodra sy pa sterf. Dit sal tog nie meer lank duur nie. Rebekka hoor van Esau se planne en sy is baie ontsteld. As Esau vir Jakob vermoor, sal hy na alle waarskynlikheid ook doodgemaak word omdat hy sy broer vermoor het. As dit gebeur, sal sy altwee haar seuns verloor.

Rebekka sien net een uitweg, Jakob moet dadelik vlug. Sy roep hom en vertel hom van Esau se planne. Hy moet na haar broer, Laban, wat in Haran woon, vlug en daar bly tot Esau se woede bedaar. Wanneer dit gebeur, sal sy hom laat roep. Tyd is min, Isak is oud en swak en hy kan enige dag sterf. Jakob moet as gevolg van sy sonde uit die land wat God aan hulle beloof het, vlug. As verskoning sê Rebekka aan Isak dat Jakob na haar familie in Haran moet gaan om vir hom 'n vrou te soek. Isak stem met haar saam en beveel Jakob om nie onder die Kanaaniete vir hom 'n vrou te soek nie. Hy moet liever na Haran gaan en met 'n vrou uit Rebekka se familie trou.

Isak herhaal daarna die seën wat hy oor Jakob uitgespreek het. Jakob neem afskeid van sy ouers en vertrek na Haran. Vir Rebekka is dit 'n swaar afskeid. Hoewel sy dit nie weet nie, is dit die laaste keer dat sy haar lieflingseun sou sien. Sy sterf voor hy terugkeer. Isak sal hom wel weer sien.

## **By Bet-el**

Jakob moet die lang pad van meer as 800 kilometer te voet aflê. Hy, die seun van 'n ryk skaapboer, moet stap. Hy is 'n vlugteling en het nie kamele om op te ry nie. Na 'n paar dae, sowat 96 km ver van sy ouerhuis af, kom hy by 'n plek aan. Dit is al laat en hy besluit om daar te oornag. Hy tel 'n klip op en gebruik dit as 'n kussing.

Daardie nag verskyn die Here aan hom in 'n droom. Hy sien 'n lang leer wat van die aarde tot aan die hemel reik. Engele klim op en af met die leer, terwyl die Here bo by die punt van die leer staan. Hy hoor die stem van die Here wat hom verseker dat Hy met hom sal wees. God sluit die verbond wat Hy met Abraham en Isak gesluit het, ook met hom. Toe Jakob wakker word, voel hy gerus. Hy weet dit is die Here wat hier in 'n droom aan hom verskyn het. Die Here is op hierdie plek. Daarom noem hy die plek Bet-el, wat "huis van God" beteken.

God maak Hom aan Jakob bekend as die God van Abraham en Isak. Daardeur bind Hy Jakob opnuut aan die verbond. Jakob kan seker wees dat al God se verbondsbeloftes ook vir hom geld. Die leer wat Jakob sien, wys heen na Christus. Deur Christus se verlossingswerk het alle gelowiges, deur gebed, weer toegang tot hul Vader in die hemel.<sup>1</sup>

Hy rig 'n gedenksteen op met die klip wat hy as kussing gebruik het. Hy gooi olie oor die klip uit sodat dit later uitgeken kan word. Die klip moet hom en sy nageslag herinner aan God se verskyning by Bet-el. Verder belowe Jakob dat die Here sy God sal wees en hy 'n tiende van al sy besittings aan die Here sal gee as die Here hom bewaar en eendag weer veilig laat terugkeer.

## **Aankoms by Laban**

Na 'n lang en moeilike reis kom Jakob by Haran aan. Met sy aankoms is die veewagters besig om die vee na die put te bring sodat die diere kan drink. Hy hoor by hulle waar Laban woon. Gewoonlik wag die wagters vir mekaar om saam die swaar klip van die opening van die put af te haal. Toe Ragel, die dogter van Laban, aankom, haal Jakob dadelik die klip af en laat Laban se vee drink.

---

<sup>1</sup> Joh. 1: 52 En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.

Hy groet Ragel met 'n soen en begin huil. Dit is trane van blydschap en dankbaarheid. Hy is weer by sy eie mense. Hy vertel aan Ragel wie hy is en sy gaan dadelik huis toe om dit aan haar pa te vertel. Laban loop vinnig na die put om hom te groet en huis toe te nooi. Hulle ontvang hom gasvry.

## **Jakob trou**

Laban besef gou dat Jakob hom baie kan help met sy boerdery. Hy kom ook agter dat Jakob lief vir Ragel is. Daarom sê hy vir Jakob dat hy Ragel as vrou kan kry as hy sewe jaar vir hom werk. Die sewe jaar gaan vir Jakob gou verby en hy wil daarna dadelik met haar trou.

Ragel het 'n ouer suster wie se naam Lea is. Sy is nie so mooi soos haar jonger sussie nie. Die Bybel vertel dat sy dowwe oë het. Op die bruilof gee Laban, Lea in plaas van Ragel vir Jakob as vrou. Jakob herken nie vir Lea in die donker nie. Die volgende môre is Jakob baie ontevrede as hy agterkom Laban het hom bedrieg. Laban het nooit vir hom gesê dat sy oudste dogter eerste moet trou nie.

Die troue duur 'n volle week lank. Toe die week verby is, kan Jakob ook met Ragel trou op voorwaarde dat hy weer sewe jaar vir haar moet werk. Hy trou dus met albei dogters van Laban. Jakob is baie lief vir Ragel as vir Lea. Lea weet dit, maar sy troos haarself met die wete dat sy geboorte aan vier seuns, Ruben, Simeon, Levi en Juda, kon skenk. Ragel bly kinderloos. Daarom gee sy haar slavin Bilha as vrou vir Jakob, net soos Sara vroeër gedoen het. Bilha skenk geboorte aan twee seuns, Dan en Naftali. Ragel voed hulle op as haar eie kinders. Lea sien dat sy nie meer kinders kry nie en volg Ragel se voorbeeld deur haar slavin Silpa aan Jakob as vrou te gee. Sy skenk geboorte aan Gad en Aser. Lea kry later nog twee seuns, Issaskar en Sébulon, en 'n dogter Dina.

God dink ook aan Ragel en verhoor haar gebede. Sy is baie bly toe sy geboorte aan 'n seun skenk en noem hom Josef. Ragel spreek die wens uit dat die Here vir haar nog 'n seun sal gee. Veel later word haar wens bewaarheid met die geboorte van Benjamin.

## **Laban en Jakob sluit 'n ooreenkoms**

Na 14 jaar in Laban se diens het Jakob elf seuns, maar nog geen vee nie. Hy oorweeg dit om terug te trek na sy geboorteland toe. Laban oortuig hom egter om nog langer te bly deur aan hom vee te belowe. Hulle sluit 'n nuwe

ooreenkoms wat bepaal dat Jakob al die bokke en skape met 'n sekere kleur sal kry.

Die Here seën Jakob en sy vee teel baie vinnig aan. Volgens hulle ooreenkoms kry Jakob al die swart skape en bont bokke. Al is daar aanvanklik min van hulle, word sy krale gou vol. Jakob vertrou steeds nie volkome op die Here nie. Hy probeer self slim planne bedink om seker te maak dat sy vee die beste aanteel. In 'n droom verduidelik die Engel van God egter aan hom dat dit die Here is wat hom voorspoedig maak en nie sy eie slim planne nie.

Laban raak jaloers op Jakob en hy hou nie meer van hom soos vroeër nie. Hy verander die ooreenkoms met Jakob verskeie kere as hy sien hoe Jakob se vee aanteel. Vir Jakob raak hierdie situasie een te veel. Die Here beveel hom om terug te gaan na die land van sy vaders. Die Here herhaal sy belofte dat Hy met hom sal wees. Jakob is egter nie so seker dat Laban hom sal laat gaan nie. Hy het geen vertroue in sy skoonpa nie, want hy het hom al dikwels bedrieg.

### **Jakob besluit om Laban te verlaat**

Jakob besluit om sy skoonpa in die geheim te verlaat. Hy moet egter seker maak dat sy vroue met sy plan saamstem. Hy roep hulle veld toe waar niemand hulle gesprek kan afluister nie. Hy vertel hulle hoe Laban hom bedrieg het en van die opdrag wat hy van die Here ontvang het. Hulle is bereid om saam te trek, want hulle beseft dat hul pa Jakob bedrieg het. Deur hul pa se optrede benadeel hy hul kinders se erfenis.

Terwyl Laban en sy seuns besig is om sy kleinvee te skeer, maak Jakob gereed om na Kanaan te vertrek. Jakob vertel sy skoonpa nie dat hy besluit het om te trek nie. Voor hulle vertrek steel Ragel stilletjies haar pa se huisgode. Sy het dus nie heeltemal opgehou om afgode te dien nie.

Laban vind eers drie dae later uit dat Jakob getrek het. Dadelik roep hy die mans in sy familie bymekaar en hulle sit Jakob agterna. Jakob se trek met die kleinvee vorder baie stadig. Na sewe dae haal hy Jakob by die berge van Gilead in. Jakob is baie bang, want hy weet dat hy nie reg opgetree het nie.

Terwyl Laban vir Jakob agtervolg, verskyn die Here in 'n droom aan hom. Hy waarsku Laban om Jakob geen kwaad aan te doen nie. Laban neem Jakob kwalik omdat hy in die geheim weggetrek het. Hy sou graag 'n groot fees

gehou het om van sy dogters afskeid te neem. Laban is ontsteld oor sy gode wat hulle gesteel het. Jakob weet niks van die diefstal nie. Laban kan gerus al hulle besittings deursoek en as hy die gode kry, sal die skuldige moet sterf. Ragel steek die huisgode in 'n kameelsaal weg en gaan sit daarop. Sy vra om verskoning dat sy nie opstaan nie, aangesien sy nie lekker voel nie. Laban is tevrede. Hy het alles deurgesoek, maar kon geen huisgode vind nie. Hy word bedrieg net soos hy Jakob dikwels bedrieg het.

### **Verbond tussen Jakob en Laban**

Jakob is vies toe Laban nie die gesteelde goed by hom kry nie. Hy beskuldig sy skoonpa daarvan dat hy hom onregverdig behandel. Laban wil nie rusie maak nie en stel voor dat hulle 'n verbond sluit waarvolgens nie een van hulle verby hierdie punt mag trek om die ander skade te berokken nie. Hulle pak 'n hoop klippe opmekaar as bewys van hulle ooreenkoms en noem die plek Mispa, wat “wagtoring” beteken. In vrede neem hulle afskeid van mekaar. Die Here red Jakob weer uit gevaar.

### **Jakob trek na Esau**

Na die ontmoeting met Laban reis Jakob verder. Net soos 'n engel Jakob by Bet-el ontmoet het voor hy die beloofde land verlaat het, ontmoet 'n groot aantal engele hom nou weer by Mahanaïm voor hy daarheen terugkeer. Hy beseft die engele vorm 'n leër in God se diens. Daarom noem hy die plek Mahanaïm, wat beteken 'n “dubbele leër”. Die Here wil hê dat Jakob moet beseft dat dit sy engele is wat hom beskerm.<sup>2</sup>

Al weet Jakob die Here sal hom beskerm, probeer hy steeds op homself staatmaak. Hy stuur boodskappers na sy “heer” Esau om aan hom te sê dat sy “dienaar” Jakob aan die kom is. Hulle rapporteer dat Esau hom tegemoet trek met 400 man. Jakob is baie benoud. Hy verdeel sy mense en besittings in twee groepe sodat die een kan vlug as die ander aangeval word.

In 'n poging om Esau se goedgesindheid te wen, stuur hy vir hom vee as geskenk. Die wagtters trek afsonderlik en moet die geskenke een na die ander aan Esau gee. Jakob voel bang en magteloos. Hy bid ernstig tot God vir hulp en beskerming. Die twee laers trek deur die Jabbokrivier, maar hy bly alleen aan die noordekant van die rivier agter uit vrees dat Esau hom sal aanval terwyl hy besig is om deur die rivier te trek.

---

<sup>2</sup> Heb. 1: 14 Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?

## **Jakob noem die plek Pniël**

Jakob wil alleen wees. Hy sien nie kans om sy broer te ontmoet nie. Die bedrog teen Esau haal hom in. Hy pleit by God om sy sondes te vergewe aangesien hy nie meer kans sien om in eie krag voort te gaan nie. 'n Persoon kom te voorskyn wat met hom begin stoei. Jakob bied eers sterk weerstand, maar gaandeweg besef hy dat hy met God te doen het. God gee hom die krag om tot die volgende oggend te kan volhou. Jakob moet eers goed besef dat sy eie krag nutteloos is.

Eindelik slaan God hom op die heupbeen, sodat sy heup uit lit raak. Nou is hy magteloos, maar hy gee nie op nie. God gee hom nog krag sodat hy in staat is om sy teenstander vas te hou. Jakob wil God nie loslaat voordat Hy hom seën nie. God verander nou sy naam van Jakob (bedrieër) na Israel wat "stryder van God" beteken. Jakob het met God en die mense gestry en hy het oorwin. Hy het sy eie swakheid oorwin. Die Here se seën beteken hy hoef nie meer bang te wees nie. Hy sal vir die res van sy lewe mank loop, maar dit sal hom herinner aan die genade en krag wat hy by Pniël ontvang het. Jakob noem die plek Pniël omdat hy God van aangesig tot aangesig gesien het en tog bly leef het.

## **Ontmoeting met Esau**

Jakob gaan gou na sy mense toe. Hy is nou gerus, want hy weet God is met hom. Sonder om bang te wees, gaan hy na Esau. Na 20 jaar is hulle weer by mekaar. Wanneer Jakob Esau sien, buig hy sewe maal voor hom. Dan omhels en soen hulle mekaar. Albei huil van vreugde.

Esau wil nie die geskenke van Jakob aanvaar nie, maar Jakob oorreed hom om dit wel te doen. Hy wys ook Esau se aanbod van die hand om hom te help trek. Jakob gaan woon 'n tyd lank in Sukkot en vestig hom later in Sigem. Nou is hy weer terug in die land wat God aan hom belowe het. Uit sy nageslag sal die Verlosser gebore word.

## **Aanbevole leesstukke**

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 136 – 156 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 67 – 76 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 111 – 119 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 121 – 137 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 65 - 69 p.